# OFFICIAL GAZETTE
OF SOUTH WEST AFRICA

# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY | UITGAWE OP GESAG

R0.30 | Tuesday 1 August 1989 | WINDHOEK | Dinsdag 1 Augustus 1989 | No. 5766

CONTENTS:

*Page*

**AG. GOVERNMENT NOTICES**

No. AG. 52 Government Service Act, 1980: Application in relation to Representative Authorities of the Owambos, Hereros, Coloureds, and Namas and Amendment of Government Notice AG. 21 of 1989: Determination under section 29(3) of Representative Authorities Proclamation, 1980 .......................... 2

No. AG. 53 Notice of application for declaration of an area as private game park ........ 3

**GENERAL NOTICES**

No. 92 Application for catching rights in respect of rock lobster in the Lüderitz area:............................. 4

No. 93 Examination in accordance with Government Notice R1409 of 1 July 1983 (as amended) ................ 5

No. 94 Peri-Urban Development Board: Rates and taxes outstanding for five years and longer ........................... 6

No. 95 Municipality of Mariental: Permanent closure of a portion of a street ...... 7

No. 96 Municipality of Mariental: Permanent closure of Public Open Space........ 7

No. 97 City of Windhoek: Permanent closing of erf 2428 Extension 6 Khomasdal: Public Open Space ................. 8

INHOUD:

*Bladsy*

**AG. GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**

No. AG. 52 Regeringsdienswet, 1980: Toepassing met betrekking tot die Verteenwoordigende Owerhede van die Owambo's, Herero's, Kleurlinge, en Namas en wysiging van Goewermentskennisgewing AG. 21 van 1989: Bepaling kragtens artikel 29(3) van Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1980 .. 2

No. AG. 53 Kennisgewing van aansoek om verklaring van 'n gebied tot private wildtuin 3

**ALGEMENE KENNISGEWINGS**

No. 92 Aansoek om 'n vangreg ten opsigte van kreef in Lüderitz .................. 4

No. 93 Eksamen ingevolge Goewermentskennisgewing R1409 van 1 Julie 1983 (soos gewysig)........................... 5

No. 94 Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Kennisgewing: Eiendomsbelasting uitstaande vir vyf jaar en langer........ 6

No. 95 Munisipaliteit van Mariental: Permanente sluiting van 'n gedeelte van 'n straat ............................ 7

No. 96 Munisipaliteit van Mariental: Permanente sluiting van Openbare Oop Ruimte........................... 7

No. 97 Stad Windhoek: Permanente sluiting van erf 2428 Khomasdal Uitbreiding 6: Openbare Oop Ruimte .............. 8

## A G. Government Notices

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

CENTRAL PERSONNEL INSTITUTION

No. AG. 52 1989

GOVERNMENT SERVICE ACT, 1980: APPLICATION IN RELATION TO REPRESENTATIVE AUTHORITIES OF THE OWAMBOS, HEREROS, COLOUREDS, AND NAMAS AND AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE AG. 21 OF 1989: DETERMINATION UNDER SECTION 29(3) OF REPRESENTATIVE AUTHORITIES PROCLAMATION, 1980

1. Under section 29(3) of the Representative Authorities Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 8 of 1980) –

   (a) I hereby, on the recommendation of the Government Service Commission determine that in the application of the Government Service Act, 1980 (Act 2 of 1980), in relation to the Representative Authorities of the Owambos, Hereros, Coloureds and Namas –

      (i) the provisions of paragraph (b) of the said section 29(3) in so far as they apply in relation to paragraphs (a) and (b) of section 6(3) of the said Government Service Act, shall be deemed not to have been enacted; and

      (ii) the said Government Service Act, 1980, shall be deemed not to have been amended as contemplated by subparagraphs (i), (ii), (iii), (iv), (vi), (vii), (viii), (ix), (x), (xi), (xii) and (xiii) of paragraph (d) of the said section 29(3); and

## A G. Goewermentskennisgewings

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

SENTRALE PERSONEELINSTELLING

No. AG. 52 1989

REGERINGSDIENSWET, 1980: TOEPASSING MET BETREKKING TOT DIE VERTEENWOORDIGENDE OWERHEDE VAN DIE OWAMBO'S, HERERO'S, KLEURLINGE, EN NAMAS EN WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING AG. 21 VAN 1989: BEPALING KRAGTENS ARTIKEL 29(3) VAN PROKLAMASIE OP VERTEENWOORDIGENDE OWERHEDE, 1980

1. Kragtens artikel 29(3) van die Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1980 (Proklamasie AG. 8 van 1980) –

   (a) bepaal ek hierby op aanbeveling van die Regeringsdienskommissie dat by die toepassing van die Regeringsdienswet, 1980 (Wet 2 van 1980), met betrekking tot die Verteenwoordigende Owerhede van die Owambo's, Herero's, Kleurlinge en Namas –

      (i) die bepalings van paragraaf (b) van bedoelde artikel 29(3), vir sover dit met betrekking tot paragrawe (a) en (b) van artikel 6(3) van genoemde Regeringsdienswet, 1980, van toepassing is, geag word nie verorden te gewees het nie; en

      (ii) genoemde Regeringsdienswet, 1980, geag word nie gewysig te gewees het soos in subparagrawe (i), (ii), (iii), (iv), (vi), (vii), (viii), (ix), (x), (xi), (xii) en (xiii) van paragraaf (d) van genoemde artikel 29(3) beoog nie; en

(b) I hereby amend Government Notice AG. 21 of 1989 –

(i) by the substitution in paragraph 1(b) for the expression "and (xi)" of the expression "(xi), (xii) and (xiii)"; and

(ii) by the deletion of paragraph 2.

L.A.PIENAAR
Administrator-General Windhoek, 13 July 1989

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 53 1989

NOTICE OF APPLICATION FOR DECLARATION OF AN AREA AS PRIVATE GAME PARK

In terms of section 22 of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), it is hereby made known that the person whose name is mentioned in column 1 of the Schedule and who is the owner of the area defined opposite thereto in column 2 of the Schedule, has applied for the declaration of the said area as a private game park.

Any person who wishes to object to the declaration of the area concerned as a private game park is hereby requested to lodge his objections with the Director of Nature Conservation, Private Bag 13306, Windhoek, 9000, within a period of three months from the date of publication of this notice.

SCHEDULE

| COLUMN 1 | COLUMN 2 |
|---|---|
| APPLICANT | AREA |
| Jooste, J.C. | Farm Omatako 954, extent 5861, 8025 hectares and farm O'Woesteny 956, extent 5449, 8898 hectares, both situated in the district of Grootfontein. |

(b) wysig ek hierby Goewermentskennisgewing AG. 21 van 1989 –

(i) deur in paragraaf 1(b) die uitdrukking "en (xi)" deur die uitdrukking "(xi), (xii) en (xiii)" te vervang; en

(ii) deur paragraaf 2 te skrap.

L.A.PIENAAR
Administrateur-generaal Windhoek, 13 Julie 1989

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 53 1989

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM VERKLARING VAN 'N GEBIED TOT PRIVATE WILDTUIN

Ingevolge artikel 22 van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), word hierby bekend gemaak dat die persoon wie se naam in kolom 1 van die Bylae vermeld word en wat die eienaar is van die gebied wat daarteenoor omskryf word in kolom 2 van die Bylae, aansoek gedoen het om die verklaring van genoemde gebied tot private wildtuin.

Iedereen wat beswaar wil aanteken teen die verklaring van die betrokke gebied tot private wildtuin word hiermee versoek om sy besware by die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak 13306, Windhoek, 9000, in te dien binne 'n tydperk van drie maande na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

BYLAE

| KOLOM 1 | KOLOM 2 |
|---|---|
| AANSOEKER | GEBIED |
| Jooste, J.C. | Plaas Omatako 954, groot 5861, 8025 hektaar en plaas O'Woesteny 956, groot 5449, 8898 hektaar, beide geleë in die distrik Grootfontein. |

## General Notices

No. 92 1989

DIRECTORATE OF SEA FISHERIES

NOTICE

APPLICATION FOR CATCHING RIGHTS IN RESPECT OF ROCK LOBSTER IN THE LÜDERITZ AREA:

1. It is made known that applications are awaited from bona fide residents of Lüderitz for one vacant rock lobster catching right of a maximum of 10 tons, subject to the following conditions and any measures that may be announced at a later date:

(a) An applicant must have access to a boat either as sole owner of that boat, a partnership or produce proof of ability to finance such a boat. The maximum and minimum measurements of a boat shall be 15m and 6m respectively.

(b) The applicant must personally and physically participate in catching operations.

(c) Off-loading of catches where and to whom shall be prescribed by the authorities.

(d) Catching shall take place on an experimental basis, throughout the year.

(e) Catching equipment will comprise of ringnets and/or traps.

(f) Marketing shall initially take place only within the borders of SWA/NAMIBIA or as may be decided by the Secretary of Agriculture and Nature Conservation.

(g) Catching rights allocated in terms of the aforesaid conditions shall not be transferable without the prior approval of the Director of Sea Fisheries.

## Algemene Kennisgewings

No. 92 1989

DIREKTORAAT VAN SEEVISSERYE

KENNISGEWING

AANSOEK OM 'N VANGREG TEN OPSIGTE VAN KREEF IN LÜDERITZ GEBIED

1. Dit word vir algemene kennis bekend gemaak dat aansoeke ingewag word van bona fide inwoners van Lüderitz vir toekenning van een vakante vangreg vir 'n maksimum van 10 ton kreef onderhewig aan die volgende of ander voorwaardes soos later bepaal kan word:

(a) Die aansoeker moet oor 'n boot beskik as alleeneienaar of as deelgenoot of 'n bewys voorlê dat finansiëring bekom sou kon word vir die aankoop van sodanige boot. Die minimum en maksimum lengte van die boot moet onderskeidelik 6 meter en 15 meter wees.

(b) Die aansoeker moet persoonlik fisies aan die vangoperasie deelneem.

(c) Aflaai van vangste sal wees soos waar en aan wie deur die owerheid voorgeskryf.

(d) Vangste sal op 'n proefbasis deur die jaar mag plaasvind.

(e) Vangtuig sal mag bestaan uit fuike en/of ringnette.

(f) Bemarking sal aanvanklik slegs binne die grense van SWA/Namibië mag geskied of soos deur die Sekretaris van Landbou en Natuurbewaring van tyd tot tyd besluit mag word.

(g) Vangregte in terme hiervan toegeken sal nie sonder goedkeuring van die Direkteur Seevisserye oordraagbaar wees nie.

2. Fully motivated applications must be accompanied by proof of residence in Lüderitz, boat ownership or details concerning partnership or proof of financial arrangements to purchase such a boat. Applications must be accompanied by the applicant's SWA Identification document.

All applications must be mailed to the Secretary of Agriculture and Nature Conservation, Private Bag 13184, Windhoek, 9000 by registered post, or be delivered in person to the Secretary of Agriculture and Nature Conservation, 81 Leutwein Street, Windhoek to arrive before or on 31 August 1989.

DR H SCHNEIDER
SECRETARY: AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

2. Volledig gemotiveerde aansoeke vergesel van bewyslewering van inwonerskap van Lüderitz, eienaarskap, vennootskap, of finansiëringsooreenkoms ten opsigte van 'n boot asook 'n SWA identiteitsdokument moet die Sekretaris van Landbou en Natuurbewaring, Privaatsak 13184, Windhoek per geregistreerde pos of by wyse van persoonlike aflewering by die Landbougebou, Leutweinstraat 81 bereik voor of op 31 Augustus 1989.

DR. H. SCHNEIDER
SEKRETARIS: LANDBOU EN NATUURBEWARING

---

THE S.W.A. ESTATE AGENTS BOARD

No. 93 1989

EXAMINATION IN ACCORDANCE WITH GOVERNMENT NOTICE R1409 OF 1 JULY 1983 (as amended)

An examination in accordance with abovementioned notice will take place on the 31st August 1989 at the following address:

Rössing Foundation Education Centre
Khomasdal

Candidates must note that an application to write the examination must, together with the examination fee of R110 reach the Board four weeks before the examination date. The prescribed application forms and information bulletins with regard to the Board's examination programme may be obtained from the SWA Board in Windhoek.

Candidates are reminded that the prescribed study materials are publications of the R.S.A. Board with the titles:

DIE S.W.A RAAD VIR EIENDOMSAGENTE

No. 93 1989

EKSAMEN INGEVOLGE GOEWERMENTSKENNISGEWING R1409 VAN 1 JULIE 1983 (soos gewysig)

'n Eksamen ingevolge bogenoemde kennisgewing sal op 31 Augustus 1989 by die volgende adres afgeneem word:

Rössing Foudation Education Centre
Khomasdal

Kandidate moet daarop let dat 'n aansoek om die eksamen af te lê, tesame met die voorgeskrewe eksamenfooi van R110 die Raad vier weke voor die eksamendatum moet bereik. Die voorgeskrewe aansoekvorm en 'n inligtingsbulletin aangaande die Raad se eksameneringsprogram kan van die Raad in Windhoek verkry word.

Kandidate word daaraan herinner dat die voorgeskrewe studie-materiaal publikasies van die R.S.A. Raad is met titels –

1. "The Study Guide for Estate Agents - Principals of Real Estate

and

2. South African Property Practice and the Law"

Books are available at most book stores in Windhoek.

1. "Die Studiegids vir Eiendomsagente - Grondbeginsels van Eiendomwese

en

2. Suid-Afrikaanse Eiendomspraktyk en die reg"

Boeke verkrygbaar by meeste boekwinkels in Windhoek.

---

No. 94 1989

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD

NOTICE

RATES AND TAXES OUTSTANDING FOR FIVE YEARS AND LONGER

Notice is hereby given to the following registered owner or his successor in title that the undermentioned properties in the Peri-Urban Area of Kamanjab, in terms of regulation 6(4) of the Board's Regulations on Rates, will be sold at a Public Auction on FRIDAY, 11 AUGUST 1989 at 10h00 at the offices of the Peri-Urban Development board at Kamanjab to recover arrear rates and interest as well as other monies due.

Registered Owner: ODENDALIA TRUST (PTY) LTD
Erf No : 10,116 and 133 Kamanjab

Enquiries to be made to:

The Secretary
Peri-Urban Development Board
Private Bag 13251
WINDHOEK
9000

No. 94 1989

RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING

KENNISGEWING

EIENDOMSBELASTING UITSTAANDE VYF JAAR EN LANGER

Kennis geskied hiermee aan die ondergemelde geregistreerde erfeienaar of sy opvolger in titel, dat die ondergenoemde erwe geleë in die buitestedelike gebied van Kamanjab, kragtens regulasie 6(4) van die Raad se Regulasies op Eiendomsbelasting per publieke veiling verkoop sal word op VRYDAG, 11 AUGUSTUS 1989 om 10h00 by die kantore van die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling te Kamanjab ter verhaling van agterstallige eiendomsbelasting en rente sowel as ander gelde verskuldig.

Geregistreerde eienaar : ODENDALIA TRUST (EDMS) BPK
Erwe No : 10,116 en 133 Kamanjab

Navrae kan gerig word aan:

Die Sekretaris
Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling
Privaatsak 13251
WINDHOEK
9000

---

No. 95 1989

## MUNICIPALITY OF MARIENTAL PERMANENT CLOSURE OF A PORTION OF A STREET

Notice is hereby given in terms of Section 183 (i) b (ii) of the Municipal Ordinance of 1963 (Ord 13 of 1963 as amended) that the Municipality of Mariental intends to close permanently a portion of Marie Brand street as shown on locality plan 263 468 X1 and plan 263 468 X2. These plans are open for inspection at the office of the Town Clerk during office hours. Objections against the proposed closure must, according to Section 30 (3) of the above mentioned Ordinance, be delivered to the Town Clerk within thirty (30) days after the appearance of this notice.

TOWN CLERK
MARIENTAL

---

No. 95 1989

## MUNISIPALITEIT VAN MARIENTAL, PERMANENTE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN 'N STRAAT

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183 (l)b(ii) van die Munisipale Ordonnansie van 1963 (Ord 13 van 1963 soos gewysig) dat die Munisipaliteit van Mariental van voornemens is om 'n gedeelte van Marie Brandstraat soos aangedui op liggingsplan 263 468 X1 en plan 263 468 X2 wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk ter insae lê permanent te sluit. Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Art 30 (3) van bogenoemde Ordonnansie binne dertig (30) dae na die verskyning van die kennisgewing aan die Stadsklerk gerig word.

STADSKLERK
MARIENTAL

---

No. 96 1989

## MUNICIPALITY OF MARIENTAL PERMANENTT CLOSURE OF PUBLIC OPEN SPACE

Notice is hereby given in terms of Section 183 (1) b(ii) of the Municipal Ordinance of 1963 (Ord 13 of 1963 as amended) that the Municipality of Mariental intends to close permanently for public use erven 529 and 530 as shown on plan 263 466 X1. This plan is open for inspection in the office of the Town Clerk during office hours. Objections against the proposed closure must, according to Section 30 (3) of the above mentioned Ordinance be delivered to the Town Clerk within thirty (30) days after the appearance of this notice.

TOWN CLERK
MARIENTAL

---

No. 96 1989

## MUNISIPALITEIT VAN MARIENTAL PERMANENTE SLUITING VAN OPENBARE OOP RUIMTE

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183 (l)b(ii) van die Munisipale Ordonnansie van 1963 (Ord 13 van 1963 soos gewysig) dat die Munisipaliteit van Mariental van voornemens is om 'n gedeelte van Marie Brandstraat soos aangedui op liggingsplan 263 468 X1 en plan 263 468 X2 wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk ter insae lê permanent te sluit. Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Art 30 (3) van bogenoemde Ordonnansie binne dertig (30) dae na die verskyning van die kennisgewing aan die Stadsklerk gerig word.

STADSKLERK
MARIENTAL

---

No. 97 1989

CITY OF WINDHOEK

PERMANENT CLOSING OF ERF 2428 EXTENSION 6 KHOMASDAL

PUBLIC OPEN SPACE

Notice is hereby given in terms of Section 183 (l)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance no 13 of 1963) as amended, that the Municipality or Windhoek proposes to close permanently, the undermentioned portions as indicated on plan p/2317/A which lies for inspection during office hours at the Town Planner, Room 702,Municipal Offices, Kaiser Streets: ERF 2428 EXTENSION 6 KHOMASDAL, PUBLIC OPEN SPACE. Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Authorities and Development Planning, Private Bag 13289, and the Town Clerk, P.O.Box 59, Windhoek, within 30 days after the appearance of this notice.

W. J. KOTZE
TOWN CLERK

---

No. 97 1989

STAD WINDHOEK

PERMANENTE SLUITING VAN ERF 2428 KHOMASDAL UITBREIDING 6

OPENBARE OOP RUIMTE

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie nr. 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Windhoek van voorneme is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op plan P/2317/A wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 702, Stadshuis, Kaiserstraat, ter insae le, permanent te sluit: OPENBARE OOP RUIMTE ERF 2428 KHOMASDAL UITBREIDING 6. Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Artikel 193(3) van bogemelde Ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Ontwikkelingsbeplanning, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 59, Windhoek, bestel word.

W. J. KOTZE
STADSKLERK

---

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.
Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.
Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika